# SONDAG 26 MEI 2013

# KOORUITVOERING MET GEMEENTESANG



# GOD SE PLAN

# DIE LAM GESLAG

**1. GEMEENTE**
**Skrifberyming 5-3 : 4**
Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag,
is waardig om te ontvang, die rykdom, wysheid, krag,
en eer en heerlikheid en dankb're seëninge!
En al wat leef en roer, al die geskape dinge
op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel,
al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel.

**2. KOOR**
Heiland as in ootmoed stil Robert Grant ; Attie van der Colf

**3. SOPRAANSOLO**
Heilig is die Heer
Händel

**4. GEMEENTE**
**Skrifberyming 5-3 : 1, 3**
Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang!
Want U is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede
en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is,
toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.

Toe sien ek hoog bo my die skaar van eng'le staan
en 'k hoor hul sanggeluid wat deur die hemel gaan.
Hul staan wyd om die troon, self heerskappye en magte,
rondom die oudstes en die gerubs groot van kragte;
ontelbaar is hul tal, dis duisende maal duisend,
en 'k hoor hul koorgesang soos baie waters bruisend.

**5. VOORLESING**
Hebreërs 10 : 12 - 14

**6. KOOR**
Halleluja - U is heilig Michael Smith; Albert Troskie

**7. GEMEENTE**
**Liedboek 171 : 1, 2**
Heilig, heilig, heilig, heilig is die Heer.
Eng’le in die hemel buig hul voor Hom neer.
Here, hoor my bede, hoor my as ek sing,
en aan U, my Vader, al my hulde bring.

Heilig, heilig, heilig, heilig is die Heer.
Wie kan Hom op aarde ooit na waarde eer?
Nogtans sal ek jubel, sing ek weer en weer:
Heilig, heilig, heilig, heilig is die Heer!

**8. SOPRAANSOLO**
Weeping
Händel

## GOD SE PLAN VIR DIE MENSDOM

**9. VOORLESING**
Hebreërs 10 : 5, 6,7

**10. KOOR**
Die boekrol Lam van God Felix Mendelssohn

**11. Gemeente**
**Liedboek 188 : 1 – 3**
Kom, dank nou almal God met hart en mond en hande;
loof Hom wat wonders doen tot indie verste lande.
Van vroeg, van kindsbeen af, het Hy ons trou bewaar
en tot vandag toe nog geseën en bespaar.

O God, so ryk en goed gee ons solank ons lewe
altyd ‘n blye hart; as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons beveilig teen gevaar,
in donker ure ons van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God, die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees, almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem: ons God in ewigheid!

# GOD SE PLAN VIR MY

**12. Kwartet**
Gees van God wat in my woon
Daniel Iverson

**13. Koor**
Precious Lord take my hand Joyce Merman; George Allen

**14. Koor**
Laat Heer U vrede deur my vloei
Franciskus van Assisi

**15. Voorlesing**
1 Tessalonisense 3 : 11 - 13

**16. Gemeente**
**Psalm 134 : 3**
Die Heer se seen sal met u gaan,
en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied,
Hy sal sy seen oor u gebied.

**Klarinet**
Madeleine Conradie
**Koorleidster**
Joan van Niekerk
**KWINTET**
Gustaaf Costerus
Hugo Costerus
Nellie Costerus
Lizette Opperman
Gerry van der Walt
**Orrelis**
Annelie Groenewald
**Sopraan**
Adri Louw
**Trompet**
Corneel van der Eems
**Viool**
Elrè Gerber
**Voorleser**
Coen Vrey